# REGISTRASIE 2023

HouNetOpSukkel – Die ekstra klas wat 'n verskil maak.

Die kinders van vandag leef in 'n nuwe uitdagende era – hulle dink anders, redeneer anders, en leer anders... Dit is my voorreg om vir meer as 15 jaar lank al aan die voorpunt van die Wiskunde en Fisiese Wetenskappe onderrigveld te staan en om studente die sterk fondasie te kan gee wat hulle nodig het om hulle drome na te jaag.

Bo-en-behalwe die fokus op verbeterde punte, universiteitstoelating en om die vrae, "maar hoekom het ek dit nodig? Waar gaan ek dit ooit gebruik?" te beantwoord – is die doel ook om positiewe, gedrewe en entoesiastiese jong volwassenes, wie in hulleself glo, te vorm.

Die gewig op 'n kind se skouers om 'n sukses van hulleself te maak, moet nooit onderskat word nie. Inteendeel is hulle diep bewus van hierdie verantwoordelikheid, wat soms oorweldigend kan voel.

In my klas word studente aangespoor en gedryf om die beste weergawe van hulleself te wil wees, en ook die nodige leiding gegee om hulle potensiaal te ontsluit om dinge te kán verander.

Ek is geweldig dankbaar en trots om te kan sê dat ek deur my jare se aanbied van klas – hetsy vir universiteitstudente, hoërskool studente of selfs onderwysers – tesame met my gewilde YouTube-kanaal, 'n verskil kon maak in duisende lewens.

In my klas is baie trane van moedeloosheid al afgevee, negatiwiteit afgeskud en die wil gevorm om op te staan en te veg vir daardie borrelende "Yes! Jeff! Ek het my mikpunt behaal!"

Om sukses in hierdie vakke te bereik, moet jy baklei daarvoor. Dit is harde werk en vasbyt, elke dag, maar ek is hier om te help.

## ❖ <u>Registrasie</u>

- Nuwe Studente :
  - Registrasie vir 2023 open op 10 November 2022 en is daarna regdeur die jaar oop.
  - Voltooi asb. u aanlyn inskrywing op linktr.ee/HouNetOpSukkel
  - U sal bevestiging ontvang dat daar vir u kind 'n posisie beskikbaar is waarna die eerste klasgeld paaiement tesame met die registrasiefooi, wat <u>R600 per vak</u> beloop, via EFT betaalbaar is om u kind se plek te reserveer.
  - Geen registrasiefooi word gehef vir studente wie slegs vir die aanlyn klasse inskryf nie.

- Bestaande studente :
  - Alle 2022 fooie moet teen 1 Desember 2022 ten volle vereffen wees om u kind se plek vir volgende jaar te kan behou.
  - Voortset van klasse, u besonderhede asook betalingsvoorkeur moet asb. teen voor/op 1 Desember by linktr.ee/HouNetOpSukkel bevestig word.
  - Die sperdatum vir registrasiebetalings, R600 per vak, is 1 Desember 2022.
  - Geen registrasiefooi word gehef vir studente wie slegs vir die aanlyn klasse inskryf nie.

## ❖ <u>Ouerafsprake</u>

- Ouer-en-student afsprake sal vroeg in Januarie vir elke student geskeduleer word om akademiese agtergrond en huidige punte te bespreek.
- Tye vir in-peroon (by die klas) asook aanlyn afsprake sal beskikbaar gestel word vir bespreking.

## ❖ <u>Belangrike Datums</u>

- 2022:
  - 1 Desember :
    - Sperdatum vir uitstaande 2022 fooie.
    - Sperdatum vir bestaande studente om voortset te bevestig.
    - Sperdatum vir bestaande studente registrasiefooie.
  - 20 Desember : Sperdatum vir korting op jaarbetalings.

- 2023:
  - 1 Januarie : Kwartaal 1 / Januarie paaiemente betaalbaar.
  - 7 tot 14 Januarie : Ouer-en-student afsprake.
  - 11 Januarie : Skole Open.
  - 16 Januarie : Klasse Begin.

- U sal aan die einde van Januarie 'n volledige uiteensetting van ons jaarbeplanning ontvang.

## ❖ Weeklikse Klasrooster 2023 :

### Graad 8 en 9

1 uur Kontakklas p/w – Geen Aanlyn Klas

| | |
|---|---|
| Gr. 8 Wiskunde | Woensdae<br>14h30 tot 15h30 |
| Gr. 9 Wiskunde | Dinsdae<br>14h30 tot 15h30 |

### Graad 10 tot 12

1,5 ure (Gr. 10)  2 ure  (Gr. 11 en 12) Kontakklas + 1 uur Aanlyn Klas p/w

| | Kontakklas | | Aanlyn Klas |
|---|---|---|---|
| Gr. 10 Wiskunde | Dinsdae<br>15h30 tot 17h00 | + | Vrydae<br>14h30 tot 15h30 |
| Gr. 10 Wetenskap | Woensdae<br>15h30 tot 17h00 | + | Vrydae<br>15h30 tot 16h30 |
| Gr. 11 Wiskunde | Dinsdae<br>17h00 tot 19h00 | + | Vrydae<br>16h30 tot 17h30 |
| Gr. 11 Wetenskap | Woensdae<br>17h00 tot 19h00 | + | Vrydae<br>17h30 tot 18h30 |
| Gr. 12 Wiskunde | Maandae<br>15h30 tot 17h30<br>OF<br>Dinsdae<br>19h00 tot 21h00 | + | Maandae<br>20h00 tot 21h00 |
| Gr. 12 Wetenskap | Woensdae<br>19h00 tot 21h00<br>OF<br>Donderdae<br>15h30 tot 17h30 | + | Donderdae<br>20h00 tot 21h00 |

- Indien u kind ‘n klas van tyd tot tyd mis om watter rede ookal, kan ons steeds in meeste gevalle ‘n werkbare oplossing vind om daarondom te werk bv. een-tot-een of aanlyn klasse.
- Aanlyn klasse word regdeur die jaar ook opgeneem en op Dropbox beskikbaar gestel vir studente se gebruik om hersiening te doen of om gemisde afdelings op te vang.
- Aanlyn klasse volg die voorgeskrewe CAPS kwartaalbeplanning en word nie inlyn met enige spesifieke skool se vordering aangebied nie.
- Voltydse kontakklas studente moet asb. die weeklikse aanlyn klas óók bywoon indien moontlik.

## ❖ Fooistruktuur – Kontakklasse

- Die totale 2023 klastyd per vak se koste is bereken en eweredig versprei regoor die jaar, ongeag skoolvakansies waartydens klasse sluit of besige eksamenperiodes waartydens 'n omvattende eksamen klasrooster geskeduleer word.
- Sodoende kan vaste maandelikse, kwartaalikse of eenmalige jaar-betalingsopsies gebied word.
- Korting word op die tweede vak gebied indien studente vir beide Wiskunde en Wetenskap inskryf.
- Een maand betaalde kennis word vereis indien klasse gestaak wil word.

- Klasfooie sluit die volgende in:
  - Normale weeklikse klas tydens skoolkwartale soos uiteengesit volgens die klasrooster waarin ons in lyn met die skool se vordering en die CAPS-sillabus werk.
  - Registrasie vir die kontakklasse sluit volle toegang tot die aanlyn klasse in.
  - Aanlyn klasse word weekliks deur die kwartaal aangebied en ook opgeneem vir studente se gebruik om hersiening te doen of om gemisde afdelings op te vang.
  - Naweekklasse word addisioneel geskeduleer voor kwartaaltoetse om oefening en inskerping van die afgebakende afdelings te bied.
  - 'n Omvattende Junie- en eindeksamen klasrooster word opgestel waartydens ons alle afdelings deeglik hersien, tydsbestuur inoefen en ou vraestelle ontleed en deurwerk.

- Opsionele vakansieskole, "Crash Courses", ekstra voorbereidende klasse (bv Gr 12 NBT's) en individuele een-tot-een klasse word afsonderlik gehef. Hierdie klasse word ook beskikbaar gestel vir buite- en aanlyn studente wie nie voltyds ingeskryf is nie.

- Bankbesonderhede:
  - J Randall
  - Discovery Bank
  - Cheque : 1700 279 5243
  - Tak : 679 000
  - Verwyssing : Student Naam en Van
  - Bewys van betaling : admin@hounetopsukkel.co.za

## ❖ Betalingsopsies - Kontakklasse

➢ Betalingsopsie 1
Ouers wie vir die Jaar vooruit wil betaal:

- Vooruitbetalings geniet 'n geweldige korting en kan in kontant of deur EFT vereffen word.
- Neem asb. kennis : Jaarbetalings is ongelukkig nie-terugbetaalbaar, in die geval waar klasse om watter rede ookal gestaak word.
- Sperdatum om vir korting te kwalifiseer : 20 Desember 2022

➢ Betalingsopsie 2
Ouers wie Kwartaaliks wil betaal:

- Kwartaalikse betaling geniet vaste korting vir beide kontant of EFT solank u balans teen voor/op die sperdatums vereffen word.
- Sperdatums vir 2023 : K1 - 1 Januarie, K2 - 1 April, K3 - 1 Julie, K4 - 1 Oktober

➢ Betalingsopsie 3
Ouers wie Maandeliks wil betaal:

- Klasfooie word eweredig oor twaalf paaiemente versprei vanaf 1 Januarie 2023 tot en met die laaste betaling teen voor/op 1 Desember, waarna herregistrasie vir 2024 geskied.
  - Gr 12 klasfooie word eweredig oor elf paaiemente versprei vanaf 1 Januarie 2023 tot en met die finale betaling teen voor/op 1 November.

- Die maandelikse betalingsopsie se korting vergunning is slegs vir betaling in kontant.
  - Maandelikse betaling geniet korting indien u teen voor/op die eerste van elke maand in kontant by die klas betaling maak, met die enigste uitsondering die 1 Januarie 2023 paaiement wat wel deur EFT betaal kan word.

- Indien die 1ste in 'n vakansie val, word alternatiewe datums en betalingstye beskikbaar gestel om kontant betalings by die klas te fasiliteer.
- Tref asb. vroegtydig betalingsreëlings indien u met vakansie gaan.

- Enige maandbetaling wat via EFT gemaak word (behalwe 1 Januarie) of wat na die eerste eers vereffen word verbeur korting en word teen volprys gehef.

## ❖ Klasfooie 2023 – Kontakklasse:

(Registrasie van R600 per vak uitgesluit)

| Graad 8 en 9<br>Volprys : R 1 050 pm x 12 = R 12 600<br>Laat betalings sal teen volprys gehef word.<br>*Bedrae in hakkies stel die totale jaarlikse besparing voor. | | | |
|---|---|---|---|
| | Opsie 1<br><br>Jaar Vooruit x 1<br>voor<br>20 Des '22 | Opsie 2<br><br>Kwartaaliks x 4<br>voor<br>1 Jan, 1 Apr, 1 Jul, 1 Okt | Opsie 3<br>(Slegs Kontant)<br>Maandeliks x 12<br>voor<br>1 Jan … 1 Des |
| Wiskunde | R 10 500<br>*(Spaar R 2 100) | R 2 775 x 4<br>Totaal : R 11 100<br>*(Spaar R 1 500) | R 950 x 12<br>Totaal : R 11 400<br>*(Spaar R 1 200) |

| Graad 10<br>1 Vak Volprys : R 1 050 pm x 12 = R 12 600<br>2 Vakke Volprys : R 1 900 pm x 12 = R 22 800<br>Laat betalings sal teen volprys gehef word.<br>*Bedrae in hakkies stel die totale jaarlikse besparing voor. | | | |
|---|---|---|---|
| | Opsie 1<br><br>Jaar Vooruit x 1<br>voor<br>20 Des '22 | Opsie 2<br><br>Kwartaaliks x 4<br>voor<br>1 Jan, 1 Apr, 1 Jul, 1 Okt | Opsie 3<br>(Slegs Kontant)<br>Maandeliks x 12<br>voor<br>1 Jan … 1 Des |
| ① Vak :<br>Wisk OF<br>Wetenskap | R 10 500<br>*(Spaar R 2 100) | R 2 775 x 4<br>Totaal : R 11 100<br>*(Spaar R 1 500) | R 950 x 12<br>Totaal : R 11 400<br>*(Spaar R 1 200) |
| ⇩ | + R 8 100<br>(R 2 400 Afslag op 2[e] Vak) | + R 2 175 x 4<br>(R 600 x 4 Afslag op 2[e] Vak) | + R 750 x 12<br>(R 200 x 12 Afslag op 2[e] Vak) |
| ② Vakke :<br>Wisk EN<br>Wetenskap | R 18 600<br>*(Spaar R 6 600) | R 4 950 x 4<br>Totaal : R 19 800<br>*(Spaar R 5 400) | R 1 700 x 12<br>Totaal : R 20 400<br>*(Spaar R 4 800) |

# Graad 11

1 Vak Volprys : R 1 100 pm x 12 = R 13 200
2 Vakke Volprys : R 2 000 pm x 12 = R 24 000
Laat betalings sal teen volprys gehef word.
*Bedrae in hakkies stel die totale jaarlikse besparing voor.

| | Opsie 1<br><br>Jaar Vooruit x 1<br>voor<br>20 Des '22 | Opsie 2<br><br>Kwartaaliks x 4<br>voor<br>1 Jan, 1 Apr, 1 Jul, 1 Okt | Opsie 3<br>(Slegs Kontant)<br>Maandeliks x 12<br>voor<br>1 Jan ... 1 Des |
|---|---|---|---|
| ① Vak :<br>Wisk OF<br>Wetenskap | R 11 100<br>*(Spaar R 2 100) | R 2 925 x 4<br>Totaal : R 11 700<br>*(Spaar R 1 500) | R 1000 x 12<br>Totaal : R 12 000<br>*(Spaar R 1 200) |
| ⇩ | + R 8 700<br>(R 2 400 Afslag op 2e Vak) | + R 2 325 x 4<br>(R 600 x 4 Afslag op 2e Vak) | + R 800 x 12<br>(R 200 x 12 Afslag op 2e Vak) |
| ② Vakke :<br>Wisk EN<br>Wetenskap | R 19 800<br>*(Spaar R 6 600) | R 5 250 x 4<br>Totaal : R 21 000<br>*(Spaar R 5 400) | R 1 800 x 12<br>Totaal : R 21 600<br>*(Spaar R 4 800) |

# Graad 12

(Gr. 12 maandelikse fooie word oor 11 paaiemente versprei)
1 Vak Volprys : R 1 250 pm x 11 = R 13 750
2 Vakke Volprys : R2300 pm x 11 = R 25 300
Laat betalings sal teen volprys gehef word.
*Bedrae in hakkies stel die totale jaarlikse besparing voor.

| | Opsie 1<br><br>Jaar Vooruit x 1<br>voor<br>20 Des '22 | Opsie 2<br><br>Kwartaaliks x 4<br>voor<br>1 Jan, 1 Apr, 1 Jul, 1 Okt | Opsie 3<br>(Slegs Kontant)<br>Maandeliks x 11<br>voor<br>1 Jan ... 1 Nov |
|---|---|---|---|
| ①Vak :<br>Wisk OF<br>Wetenskap | R 11 825<br>*(Spaar R 1 925) | R 3 375 x 4<br>Totaal : R 12 375<br>*(Spaar R 1 375) | R 1 150 x 11<br>Totaal : R 12 650<br>*(Spaar R 1 100) |
| ⇩ | + R 9 075<br>(R 2 750 Afslag op 2e Vak) | + R 2 625 x 4<br>(R 750 x 4 Afslag op 2e Vak) | + R 950 x 11<br>(R 200 x 11 Afslag op 2e Vak) |
| ② Vakke :<br>Wisk EN<br>Wetenskap | R 20 900<br>*(Spaar R 6 600) | R 5 500 x 4<br>Totaal : R 22 000<br>*(Spaar R 5 500) | R 2 100 x 11<br>Totaal : R 23 100<br>*(Spaar R 4 400) |

## ❖ Aanlyn Alleenlik Klasopsie:

Gespesialiseerde kwaliteit ondersteuning was nog nooit van tevore so toeganklik nie.

- Interaktiewe aanlyn klasse word weekliks volgens die jaarbeplanning deur zoom aangebied.
- Aanlyn klasse word regdeur die jaar ook opgeneem en aflaaibaar op Dropbox beskikbaar gestel vir studente se gebruik om hersiening te doen of om gemisde afdelings op te vang. Toegang tot alle klasopnames word verbeur in die geval waar klasse gestaak word.

- Elke kwartaal word 'n minimum van 8 x 1 uur klasse aangebied.
- Tydens Kwartaal 2 en 4 (Eksamenkwartale) word addisionele aanlyn klasse geskeduleer ter eksamen ondersteuning.

- Aanlyn klasse word teen 'n vaste koste aangebied, wat kwartaaliks vooruitbetaalbaar is teen voor/op die dag wat skole vir daardie kwartaal open.
- Geen registrasiefooi word gehef vir studente wie slegs vir die aanlyn klasse inskryf nie.

- Kwartaal 1 en 3 klasfooi per vak : R 1 750 per kwartaal.
- Kwartaal 2 en 4 klasfooi per vak : R 2 250 per kwartaal.

- Indien 'n student laat in 'n kwartaal of die jaar inskryf, word daardie kwartaal steeds teen die volle kwartaalfooi gehef. Studente sal in hierdie geval nogtans toegang ontvang tot al die voorafgaande aanlyn klasopnames van die jaar.